

# BESTUURSVERSLAG

## WAARDE & IMPAK

HUIS Jabes

*Omgee bring genesing*

## ’N VEILIGE HAWE VIR SLAG-OFFERS VAN GESINSGEWELD

| | |
|---|---|
| **VERSLAGTYDPERK** | 1 Maart 2025 – 28 Februarie 2026 |
| **OPGESTEL DEUR** | Adri Klindt |
| **DATUM** | 4 April 2026 |

*’n Inisiatief van die SOS Trust (IT375/2008) | NWO 063-721 | Leuse: “Omgee bring genesing”*

## 1. INLEIDING

Huis Jabes, geleë in die noordelike voorstede van Kaapstad, is 'n tydelike tuiste en rehabilitasiesentrum vir vroue en hul kinders wat slagoffers van gesinsgeweld is en wat onmiddellike beskerming, ondersteuning en begeleiding benodig. Sedert die stigting in 2008 bied die organisasie maaltye, skuiling, mediese sorg, berading en loopbaanbegeleiding onder een dak.

Die doel van die organisasie is om 'n veilige, ondersteunende en waardige omgewing te bied waar inwoners kan herstel van trauma, hul selfvertroue kan herbou en voorberei kan word vir onafhanklike funksionering in die gemeenskap.


Hierdie verslag gee 'n oorsig van die bedrywighede, die waarde wat gelewer is, die prestasies, die uitdagings en die toekomstige fokusareas van Huis Jabes gedurende die verslagtydperk.

## 2. ONS MISSIE EN BENADERING

Huis Jabes funksioneer vanuit een leidende oortuiging wat in ons leuse vasgevang word: *OMGEE BRING GENESING*. Ons help slagoffers genees deur na elke faset van hul menswees om te sien - sielkundig, fisies en geestelik. Ons sorg vir alles, sodat hulle kan leer om vir hulself te sorg.

Ons langtermyndoel is om finansieel selfonderhoudend te word deur toegewyde donateurondersteuning, om die organisasie se eie woonstelblok te bekom om 'n tweede fase vir vroue moontlik te maak na die stabiliseringsfase in die veilige huis.

> *Ons glo dat gebroke mense nie gebroke dinge verdien nie. Elke nuwe inwoner word ontvang in 'n gerieflike, private slaapkamer met skoon nuwe beddegoed, handdoeke en klere - 'n tasbare teken dat haar waardigheid van die eerste nag af saak maak.*





## 3. OPERASIONELE OORSIG

Gedurende die verslagtydperk het Huis Jabes voortgegaan om noodverblyf en omvattende ondersteuningsdienste aan slagoffers van gesinsgeweld te verskaf. Die huis het 24 uur per dag beskikbaar gebly om noodplasings te akkommodeer waar kapasiteit dit toegelaat het.

**Kernaktiwiteite gedurende die tydperk het ingesluit:**

- Verskaffing van veilige akkommodasie.
- Emosionele en psigososiale ondersteuning.
- Krisisintervensie.
- Verwysing na mediese, regs- en maatskaplike dienste.
- Lewensvaardigheidsopleiding.
- Ondersteuning met werksoek en ekonomiese bemagtiging.
- Kinderondersteuningsprogramme.



## 4. INWONERS EN DIENSLEWERING

Gedurende die verslagtydperk het Huis Jabes 20 volwassenes en 13 kinders gehuisves. Kumulatief het die organisasie sedert 2008 reeds meer as 825 vroue en kinders gehelp om ’n veiliger toekoms te verseker.

| DIENSLEWERING IN OORSIG | SYFER |
|---|---|
| Volwassenes gehuisves (hierdie tydperk) | 20 |
| Kinders gehuisves (hierdie tydperk) | 13 |
| Totale individue gehuisves (hierdie tydperk) | 33 |
| Vroue en kinders gehelp sedert 2008 | 825+ |

Inwoners het toegang gehad tot individuele berading, groepberading, trauma-ondersteuning, ouerskapsondersteuning, verwysings na professionele diensverskaffers, en regsadvies rakende beskermingsbevele en voogdyskap.

Die fokus was deurgaans om inwoners toe te rus met die nodige vaardighede en hulpbronne om veilige en volhoubare lewensomstandighede te skep nadat hulle die fasiliteit verlaat.



## 5. DIE WAARDE WAT ONS LEWER - UITKOMSTE EN IMPAK

Pertinent tot die essensie en leuse waarvoor Huis Jabes staan - naamlik dat omgee genesing bring - is daar op vele terreine betekenisvolle impak gelewer gedurende die verslagtydperk.

Vanaf die eerste kontakmaking - hetsy telefonies, persoonlik of per e-pos - is elke aanmelding met sorg en omgee hanteer. Op hierdie wyse word gepoog om insig en gedragsverandering teweeg te bring sodat 'n suksesvolle opname en 'n blywende herstel kan geskied.

Talle gevalle en aanmeldings wat nie aan die kriteria vir opnames voldoen het nie, is verwys - hetsy na alternatiewe hulpbronne, of na maatskaplike intervensie in 'n ander stad of dorp. Ons bereik strek nou wyd buite die Wes-Kaap: die afgelope jaar het opnames vanuit ander provinsies, bv. Limpopo, plaasgevind, bloot op grond van Huis Jabes se professionele webtuiste.

Ons waarde strek veel verder as net diegene wat ons kan huisves. Baie slagoffers van gesinsgeweld kan weens kapasiteitsbeperkings nie by Huis Jabes opgeneem word nie, maar word nooit sonder ondersteuning weggewys nie. Gedurende die 2026-verslagtydperk het die organisasie 418 telefoniese navrae en 118 e-posse hanteer, en 12 vroue persoonlik geassesseer wat nie opgeneem kon word nie - elkeen is na maatskaplikewerker-ondersteuningsnetwerke verwys, sodat niemand wat hulp gesoek het, sonder 'n betekenisvolle volgende stap gelaat is nie.

Huis Jabes volg 'n deursigtige en holistiese diensleweringstrategie, en juis daarom is die impak van gedragsverandering soveel groter. Die organisasie steun op die ondersteuning van vennote soos kerke en welsynsorganisasies, insluitend BADISA. Die rol wat donateurs, vrywilligers en belanghebbendes speel, dra grootliks by tot die volhoubaarheid van Huis Jabes, terwyl publisiteit deur radioprogramme en televisieopnames onmisbaar is om bewusmaking van die rol wat Huis Jabes binne die breër gemeenskap speel, moontlik te maak.

## 6. NOEMENSWAARDIGE MYLPALE EN SUKSESSE

- **Leef as oorwinnaars.** Inwoners wat alle geleenthede aangryp wat Huis Jabes bied, verhoog hul kanse tot suksesvolle integrasie binne samelewingsverband drasties. Hulle begin leef as oorwinnaars - nie meer as slagoffers van gesinsgeweld nie.
- **Blywende bande.** Inwoners hou met ons kontak via sosiale media of persoonlike boodskappe, 'n bewys van die verhoudings wat tydens hul verblyf gevorm is.
- **Verhale van verandering.** Individuele getuienisse illustreer die verandering wat moontlik word wanneer omgee en geleentheid die inwoner se eie deursettingsvermoë ontmoet.

## 7. ONS MENSE

Huis Jabes word onderhou deur 'n toegewyde span trustees, personeel, vrywilligers en ondersteuners.

- **Trustees:** Adri Klindt, Francois Laurence en Riaan de Lange.
- **Bestuurspan:** Annemi Marais (bestuurder) en Elize Smit (maatskaplike werker), bygestaan deur administratiewe en versorgingspersoneel, sielkundige ondersteuning en verwysingsvennote.
- **Vrywilligers:** speel 'n belangrike rol by fondsinsamelingsprojekte, instandhouding van die perseel, voedsel- en klere hulp, en vaardigheidsontwikkelingsprogramme.
- **Ambassadeurs & ondersteuners:** Leah van Niekerk, Therese Bam, Andries Vermeulen, Jan Boland Coetzee en Eben Etzebeth.

Gereelde personeelvergaderings is gehou om dienskwaliteit, inwoner-welstand en operasionele aangeleenthede te bespreek.

## 8. FINANSIËLE OORSIG

Die finansiële volhoubaarheid van Huis Jabes bly 'n belangrike fokusgebied, aangesien die organisasie geen staatsubsidie ontvang nie.

- **Inkomstebronne:** donasies van individue; korporatiewe bydraes; gemeenskapsprojekte; kerk- en geloofsorganisasies; en fondsinsamelingsgeleenthede.
- **Hoofuitgawes:** voedselvoorsiening; nutsdienste; verblyf- en instandhoudingskoste; personeelkoste; vervoer; en program- en opleidingsuitgawes.

Finansiële beheermaatreëls is toegepas om verantwoordelike besteding en deursigtige rekordhouding te verseker. Die Trust se jaarlikse finansiële state word onafhanklik saamgestel deur SDK Cloud Accounting Incorporated, en die volledige state verskyn in Bylae A.

## 9. UITDAGINGS EN RISIKO'S

- **Infrastruktuur:** die huis verg deurlopende instandhouding, bv. herstel van daklekkasies; die houthek gee in die winter probleme; en die bakkie verg baie instandhouding en dienswerk.
- **Toegang tot gesondheidsorg:** baie vroue se medikasie moet soms kontant gekoop word, aangesien staatsklinieke nie altyd voorraad het of die spesifieke voorskrif kan voorsien nie.
- **Onderwys en regsvertragings:** kinders wat tuisskoolonderrig ontvang, moet vooraf deur Huis Jabes befonds word totdat tussentydse onderhoud via staatshulp verkry kan word - 'n proses wat maande neem weens oorvol hofrolle.
- **Vervoer:** vervoer is 'n groot uitgawe - om vroue na en van werk te neem, na onderhoudsverhore te vervoer, en kinders skool toe te neem. Slegs twee vroue wat die afgelope jaar opgeneem is, het eie, onafhanklike vervoer gehad.
- **Finansiële druk:** die stygende koste van voedsel, elektrisiteit en ander noodsaaklikhede, teenoor onvoldoende en onvoorspelbare befondsing.
- **Menslike hulpbronne:** die behoefte aan meer opgeleide personeel en vrywilligers, en die risiko van uitbranding gegewe die emosionele aard van die werk.
- **Werksgeleenthede:** daar is 'n groot behoefte aan werksgeleenthede vir slagoffers van gesinsgeweld om hulle te help om finansieel onafhanklik te word.

## 10. TOEKOMSTIGE FOKUSAREAS

- Versterking van finansiële volhoubaarheid deur nuwe befondsingsgeleenthede.
- Uitbreiding van vennootskappe met gemeenskapsorganisasies en diensverskaffers.
- Verbetering van vaardigheidsontwikkelings-programme vir inwoners.
- Verhoging van openbare bewusmaking oor gesinsgeweld en beskikbare ondersteuning.
- Ondersoek van moontlikhede om akkommodasiekapasiteit uit te brei en, met tyd, 'n woonstelblok te bekom om vroue te ondersteun vir die tweede fase van ondersteuning, ná stabilisering in die Huis Jabes-veiligheidshuis.

## 11. GEVOLGTREKKING

Huis Jabes bly 'n kritieke ondersteuningstelsel vir slagoffers van gesinsgeweld in die gemeenskap. Ten spyte van finansiële en operasionele uitdagings het die organisasie voortgegaan om veilige akkommodasie, emosionele ondersteuning en praktiese hulp aan kwesbare individue te verskaf. Die toewyding van personeel, vrywilligers, donateurs en gemeenskapsvennote het 'n beduidende bydrae gelewer tot die voortgesette sukses van die organisasie.

Dit verg 'n hele gemeenskap. Die bestuur spreek sy opregte waardering uit teenoor alle belanghebbendes wat bygedra het tot die vervulling van Huis Jabes se missie — om hoop, veiligheid en genesing aan slagoffers van gesinsgeweld te bied.

**VOORGELÊ DEUR** | Adri Klindt

**GOEDGEKEUR DEUR** | Trustees



# ADDENDUM B | BYLAE B

## CONFIRMATION OF REGISTRATION DETAILS | BEVESTIGING VAN REGISTRASIEBESONDERHEDE

HUIS Jabes
*Care brings healing*

*PBO 930031571 · NPO 063-721*

*Confirmation issued by SDK Cloud Accounting Incorporated (5 February 2026) of the SOS Trust's registration as a Public Benefit Organisation and a Non-Profit Organisation.*

SDK | CLOUD ACCOUNTING INCORPORATED
22A Church street Durbanville 7550
PO Box 1304 Durbanville 7551
info@sdkca.co.za
+27 21 970 4600
+27 21 975 6780
www.sdkca.co.za

5 February 2026

To whom it may concern

Our reference: SOS0001/LIN/AES

**CONFIRMATION OF REGISTRATION DETAILS**

We are duly appointed as the Accounting Officer of SOS Trust (Registration number IT375/2008).

In this capacity we can confirm according to the **documentation made available to us**, that:

- SOS Trust is registered as a Public Benefit Organisation (PBO) in terms of section 30 of the Income Tax Act, with PBO reference number 930031571.
- SOS Trust is registered as a Non-Profit Organisation (NPO) in terms of the Nonprofit Organisations Act, with NPO number: 063-721
- SOS Trust's financial year-end is 28 February.

The information set out above, is provided without acceptance of any responsibility whatsoever and is used entirely at your own risk.

We trust that you find the above in order.

Yours faithfully,

**L NEUMEYER**
**SDK CLOUD ACCOUNTING INCORPORATED**
**ATC 3134**

*This message is sent on behalf of SOS Trust. If you are not the intended recipient you are notified that disclosing, copying, distributing or taking any action in reliance on the contents of this information is strictly prohibited. SDK Cloud Accounting Incorporation accepts no liability for the content of this letter, or for the consequences of any actions taken on the basis of the information provided, unless that information is subsequently confirmed in writing by SOS Trust.*